RÛENS KOLLEGE AKKOMMODASIE

Rûens Kollege akkommodasie is geleë in die hartjie
van die mooiste deel van die Overberg.

Hierdie gebied is ‘n veilige area waar daar baie stap en fietsry roetes geleë is. Met die oop ruimtes, stilte en plaasgevoel bied ons die perfekte plek om asem te skep en skoolgroepe, konferensies of ‘n bosberaad te kom hou.

EET

Wat meer is, u kan kies watter verblyf opsie u behoeftes gaan pas en watter fasiliteite u wil gebruik. Ons bied verskeie opsies aan wat spyskaarte betref en die braaigeriewe is ook tot u beskikking.

SLAAP

Ons kamers is baie modern en gerieflik. Die akkommodasie bied slaapplek en geriewe om 48 persone te akkommodeer.

SKOON

Daar is 2 groot badkamers asook ‘n ontspanningslokaal met ‘n mini kombuis vir die gaste se gerief.

BRAAI

‘n Onderdak dek met braaigeriewe is langs die verblyf area asook ‘n eetsaal en moderne kombuis.

GERIEWE

‘n Onderdak, 25 meter verhitte swembad

Tennisbane met spreiligte

Netbal en rugbyvelde, atletiekbaan asook ‘n krieketveld met nette

Veilige speelarea vir kleiner kinders

ONTHAAL

Die Nelius Smith Ouditorium is toegerus met beligting en klanktoerusting, ‘n skemerkelkie afdeling, binnebraai, asook ‘n moderne kombuis.
Die Ouditorium kan tot en met 300 gaste huisves wat perfek is vir funksies soos matriekafskeid, sanguitvoerings en ander onthale.

ONTDEK

Kom verken die Overberg met al sy veelsydigheid en skoonheid.

Ons kan verskeie dag uitstappies reël vir u gerief.

‘n Besoek aan Rûens Kollege Akkommodasie se kampus as deel van ‘n skoolgroep of korporasie sal beslis vol aangename herinneringe wees.

Vir meer inligting, kontak Marica Lourens:

028 452 1626 / 071 599 7299 / kampus@ruenskollege.co.za